

# DIE VERHAAL VAN DIE TENK

*J Bruwer (S A Krygshistoriese Museum, Johannesburg)*

---

Die tenk is sekerlik een van die interessantste wapens wat in oorloë gebruik word. Met sy groot kanon is hierdie oorlogsvoertuig ontwerp om die byna onmoontlike te verrig soos om oor feitlik onbegaanbare terrein en deur ontploffende mynvalde te beweeg. Om dit te vermag is die tenk van vandag 'n veelsydige en betroubare voertuig. Dieselfde kan egter nie gesê word van die eerste tenks wat verskyn het nie. Hulle was maar primitief van aard en het grootliks van die moderne tenk verskil.

Die eerste tenk wat in 'n oorlog gebruik is was die Britse Merk I-tenk met die bynaam van 'Groot Willie'. Hierdie tenk het in 1916 gedurende die Eerste Wêreldoorlog vir die eerste maal in Europa op die slagveld verskyn. 'Groot Willie' was egter net die begin van die verhaal van die tenk. 'n Groot verskeidenheid van tenks is na sy koms en voor die einde van die Eerste Wêreldoorlog in 1918 gebou. Hierdie tenks het 'n revolusie in oorlogsvoering op land veroorsaak. Hulle het met gemak oor doringdraadversperrings en selfs loopgrawe gery terwyl hulle bemannings sonder veel moeite met die opponente se artillerie en masjiengewerneste afgereken het.

Die ontwikkeling van tenks is in alle ywer na die einde van die Eerste Wêreldoorlog in 1918 voortgesit. Dit was trouens tussen 1918 en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 dat die werklike voorganger van die moderne tenk gestalte gekry het. Hiermee word bedoel dat dit eers in die periode van 1918 tot 1939 was dat tenks met die kenmerkende komponente van die moderne tenk verskyn het, naamlik 'n roterende skietoring wat ook beskerming aan die enjin en bemanning

van die tenk verleen het en laastens, rusperbande en rollers waarop die tenk beweeg het.

Die tenks wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog, met ander woorde, tussen 1939 en 1945 aangewend is, was baie meer gedugte wapens as die tenks van die Eerste Wêreldoorlog. Een van die bekendste en suksesvolste tenks in die Tweede Wêreldoorlog was die Russiese T-34 tenk wat met 'n 76mm-kanon toegerus was, 26,3 ton geweg en 'n maksimum snelheid van ongeveer 51 kilometer per uur kon bereik het. 'Groot Willie' was hierteenoor met twee kanonne van slegs 57mm-kaliber-grootte elk toegerus, het twee ton swaarder naamlik 28 ton geweg en kon die geringe maksimum snelheid van slegs 7,36 kilometer per uur behaal.

Ander tenks wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog verskyn en groot bekendheid verwerf het was die Duitse Panther- en Tigertenks, die Amerikaanse M4-Shermantenks en die Britse Churchhilltenks. Die bekendste van al hierdie tenks was die Duitse Tigertenk vanwee die baie kragtige 88mm-kanon waarmee hierdie tenk toegerus was. Die Tigertenk het 56 ton geweg en dit was sy grootste tekortkoming. Die dooie gewig van hierdie tenk het verhoed dat dit maklik gemaneuvreer kon word. So het elkeen van die bovermelde bekende tenks van die Tweede Wêreldoorlog tekortkominge gehad. Die Amerikaanse M4-Shermantenk was 'n betroubare tenk en kon 'n maksimum snelheid, gelykstaande aan die Russiese T-34 bereik. Die M4-Shermantenk was egter geneig om vinnig te ontplof wanneer hy deur 'n ander tenk raakgeskiet is.

In die jare wat op die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 gevolg het, is die ontwerp en bou van tanks tot 'n baie fyn kuns ontwikkel. Die meer suksesvolle tanks van die Tweede Wêreldoorlog is met 'n vergrootglas ontleed en die grootste en prominentste verbeterings van hierdie tanks is uit die weg geruim. Die resultaat hiervan was dat die groot tanks waarmee die leërs van die groot moondhede van vandag toegerus is, baie gedugte en byna volmaakte wapens is.

Daar is onlangs begin om die leërs van die Verenigde State van Amerika met 'n nuwe hoofgevegstenk toe te rus. Dit staan as die XMI-Abramstenk bekend. Hierdie tenk beskik oor alles waarvoor tenkbemannings in die Tweede Wêreldoorlog slegs kon droom. Dit bestaan uit 'n elektriese-hidroliese roterende skietoring, 'n romp en natuurlik 'n suspensie/rusperband/roller-stelsel. Die hoofwapen van die tenk is 'n 105mm-kanon wat in die skietoring gemonteer is. Daar is sprake dat die XMI-Abramstenks wat vanaf 1984 sal verskyn, met 120mm-kanonne toegerus sal wees. Buiten die 105mm-kanon is die XMI-Abramstenk tans ook met 'n 12,7mm-masjien-geweer toegerus wat bo-op die skietoring aangebring is.

In skrilte kontras tot die skrale maksimum snelheid van 7,36 kilometer per uur wat die 28-ton 'Groot Willie' kon bereik, kan die 53-ton swaar XMI-Abramstenk die indrukwekkende maksimum snelheid van 72,4 kilometer per uur behaal. Dit is 'n prestasie wat deels toegeskryf kan word aan die kragtigheid van die enjin van die XMI-Abramstenk — 'n Avco-Lycoming AGT-1500C gasturbine wat met 'n werkkragontwikkeling van 1500 perdekrag teen 3000 revolusies per minuut kan spog. Hierdie enjin is aan 'n ten volle outomatiese hidro-kinetiese transmissiestelsel gekoppel.

Die vuurkontrolestelsel van die XMI-Abramstenk is so hoogs ontwikkel dat 'n mens sou kon wonder of hierdie stelsel ooit verbeter sal kan word. Die kanonnier het die volgende hulpmiddele tot sy beskikking om die kanon akkuraat te vuur wanneer die tenk beweeg en om te verseker dat die vuur van die eerste rondte baie na aan en indien nie, wel 'n raakskoot sal wees: laser-afstandsbepaler; rekenaar; gesofistikeerde visier met behulp waarvan die kanon net so akkuraat in die nag as in die dag gevuur kan word.

Om die byna onmoontlike te probeer bereik en vir alle gebeurlikhede voorsiening te maak soos byvoorbeeld die ontstaan van 'n brand binne-in die tenk, is die XMI-Abramstenk met 'n interne outomatiese brandblusserstelsel toegerus wat 'n brand in byvoorbeeld die skietoring, in minder as tweesekondes sal blus.


Die modernste tenk waarvoor Sowjet-Rusland beskik is die sogenaamde T-80 hoofgevegstenk. Daar is eers baie onlangs begin om hierdie tenk binne die Sowjetleër te ontplooi en daar is gevolglik nie veel oor hom bekend nie. Die T-80 se voorganger, die T-72 is reeds in 1977 deur die Russe in gebruik geneem. 'n Groot gedeelte van die tenkmagte van die Warskouverdragslande is met hierdie tenk toegerus.

Die T-72 kan 'n maksimum snelheid van 80 kilometer per uur bereik, is met 'n 125mm-kanon en 12,7mm-masjien-geweer toegerus en beskik ook soos die XMI-Abramstenk, oor baie gesofistikeerde vuurkontrole-instrumente soos byvoorbeeld 'n laser-afstandsbepaler.


Naas die Verenigde State van Amerika het twee ander lidlande van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie naamlik Brittanje en Wes-Duitsland reeds goed op die gebied van moderne tenkontwikkeling presteer. Die resultaat hiervan is dat die Britse Challenger en ook Chieftain 900-tanks wat albei met 'n 120mm-kanon toegerus is, sowel as die Luiperd 2-hoofgevegstenk van die Wes-Duitsers, net sulke vreeswekkende en gedugte tanks as die XMI-Abramstenk is.

Die verhaal van die tenk sal onvolledig eindig indien daar nie ook van twee ander baie interessante moderne tanks melding gemaak word nie. Die eerste is die Merkavatenk van Israel en die tweede, die Olifanttenk van Suid-Afrika. Die vyandige houding teenoor Israel en Suid-Afrika in die internasionale wapenhandel het hierdie twee lande gedwing om hulle eie tanks te vervaardig. Die Merkavatenk het in 1977 verskyn en die Olifanttenk is in 1982 vir die eerste maal aan die nuusmedia vertoon. Daar is tans nog nie veel in verband met hierdie tanks bekend nie, buiten die feit dat albei, soos die Amerikaanse XMI-Abramstenk met 'n 105mm-kanon toegerus is en deur dieselenjins aangedryf word.


Wat wel met sekerheid in die lig van die voorafgaande gesê kan word is dat die ontwikkeling van die tenk vanaf 'Groot Willie' tot en met die moderne tanks van vandag, 'n baie groot sprong verteenwoordig. 'Groot Willie' en die ander tanks van die Eerste Wêreldoorlog was ontwerp en gebou met die doel om hulle bemannings teen die vyand se artillerie- en masjien-geweervuur te beskerm. Die moderne tenk is hierteenoor 'n veel meerdoelige wapen. Die primêre funksie van hierdie oorlogsvoertuig is om vyandelike tanks te vernietig. In terme van die hedendaagse tenkoorlogsopleiding moet 'n tenk betyds binne trefafstand van sy teiken naamlik 'n vyandelike tenk arriveer, en hierdie tenk van die vyand dan met die dodelike akkurate vuur van sy eie kanon neutraliseer. Dit is die maatstaf waaraan die suksesvolheid van die moderne tenk gemeet word.




'Groot Willie'



Luiperdenk



MXI-Abramstenk



T-72 Tenk

**Bronnelys**

Foss, C F: Jane's Armour And Artillery: 1979-1980. Eerste uitgawe, Jane's Publishing, Londen, 1979.

Hogg, I V: Armour In Conflict: The Design and Tactics of Armoured Fighting Vehicles. Jane's Publishing, Londen, 1980.

Humble, R: Tanks. Wiedenfeld en Nicolson, Londen, 1977.

Soviet Military Power. Publikasie van Departement van Verdediging, Verenigde State van Amerika, Tweede uitgawe, V.S.A. Regeringsdrukkery, Washington, Maart 1983.

Armies And Weapons: The International Magazine of Armies and Weapons, No. 42, April 1978 en no. 46, September 1978, V, Interconair, Switzerland.

Paratus: Amptelike Tydskrif Van Die SA Weermag. Oktober 1982, no. 10, vol. 33.

Armed Forces, Februarie 1982 en Augustus 1982. Military Publications, Johannesburg.